Tel: 014 592 1365/6
014 592 0372
Fax: 014 592 7647
086 690 1734

HOËRSKOOL RUSTENBURG

Postnet Suite 4501
Privaatsak X82323
Rustenburg, 0300
e-pos: rhs@hsrtb.co.za
webblad: www.hsrtb.co.za

KOSHUISAANSOEK

Toelatingsjaar		Rekeningnr:	

LW: Koshuisaansoeke moet vergesel word van die volgende dokumentasie

- Afskrif van nuutste rapport
- Afskrif van geboortesertifikaat/ID-dokument
- Getuigskrif van vorige skool (indien woonagtig buite Rustenburg)
- Afskrif van mediesefonds inligting

Die volgende afskrifte van BEIDE OUERS EN REKENPLIGTIGE

- ID-dokumente en bewys van woonadres (bv. munisipale rekening)

LEERDERBESONDERHEDE

Van										Noemnaam											
Geboortedatum										ID											
Geslag	Manlik			Vroulik				Leerder selfoon													

OUERBESONDERHEDE

	☐ Vader/Wettige voog	☐ Moeder/Wettige voog
Titel		
Van en volle voorname		
Identiteitsnommer		
Woonadres:		
	Poskode	Poskode
Posadres:		
	Poskode	Poskode
Kontaknommers: Werk		
Tuis:		
Sel:		
Faksnr:		
E-posadres:		
Beroep:		

HUWELIKSTATUS/VERWANTSKAP *(Merk van toepassing)*

Getroud		**Geskei, kind bly by moeder**		**Geskei, kind bly by vader**	:
Enkelouer (Moeder)		**Enkelouer (Vader)**		**Ander**	

Motivering: Om watter rede(s) – **benewens afstand** – doen u om koshuistoelating aansoek?

BUITEMUURSE BETROKKENHEID

Leierskap	Kultuur	Sport

MEDIESE BESONDERHEDE

Kroniese siekte/ allergieë Spesifiseer en behandeling					
Naam van dokter			**Kontaknommer**		
Kontakpersoon indien nood			**Verwantskap**		
Kontaknommer	**S**		**H**	**W**	
Mediesefonds naam					
Mediesefonds nr.			**Opsie**		

ORDEREËLINGS

Wanneer 'n leerder tot Hoërskool Rustenburg se koshuis toegelaat word, onderneem sy/haar ouers/voogde om toe te sien dat die leerder aan die volgende sal voldoen en aanvaar dat stappe deur die Beheerliggaam as regspersoon geneem sal word.

- Naweke is die koshuis gesluit en ek/ons sal self verantwoordelikheid aanvaar vir waar en by wie my seun/dogter naweke tuisgaan.
- Die koshuis sluit om 17:30 op Vrydae en word weer oopgesluit op Sondag 15:00.
- Die etos van Hoërskool Rustenburg as Christelike skool moet gehandhaaf word en mag nie deur die optrede van 'n leerder geskaad word nie.
- Algemene dissipline soos neergelê in die koshuisreëls (op aanvraag beskikbaar) van die skool moet gehandhaaf word.
- 'n Leerder mag hom/haar onder geen omstandighede aan vandalisme skuldig maak nie. Indien dit plaasvind is ek/ons verantwoordelik vir die betaling van die herstelkoste.
- 'n Aanvaarbare staat van higiëne en netheid moet gehandhaaf word.
- 'n Leerder mag hom/haar aan geen vorm van politieke aktivisme skuldig maak nie.
- Die koshuishoof tree op in *Loco Paratis* vir alle koshuisleerder en word gemagtig om sodanig op te tree as my gevolmagtigde in alle nood- mediese en ander gevalle.
- Die Beheerliggaam en die skool aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige verlies of beskadiging van persoonlike besittings van leerders nie. Ouers moet besittings van die leerders teen brand, diefstal, ens. verseker (korttermynversekering)
- Indien die leerder geskors word wat ook al die omstandighede/rede sal hertoelating onderworpe wees aan die goedkeuring van die koshuiskomitee met bewys van goeie gedrag. Druipelinge sal nie weer in die koshuis toegelaat word nie.

HANDEKENING VAN OUER **DATUM**

BETALINGSOOREENKOMS

PERSOON VERANTWOORDELIK VIR DIE REKENING

Naam en van		Mnr	Mev
ID Nommer		E-posadres	
Kontakno.	S	W	H
Adres	Huisadres	Posadres	

AFBETALINGSOPSIES: *(Merk van toepassing)*

Jaarliks		Kwartaalliks			Maandeliks		

Onderneem, bevestig en kom hiermee soos volg ooreen:

1. Ek, onderneem om stiptelik enige of koshuisgelde, wanneer ook al betaalbaar, soos van tyd tot tyd verskuldig en vasgestel deur die Beheerliggaam tydens 'n begrotingsvergadering.
2. Indien ek per debietorder betaal, magtig ek die koshuis hiermee om die debietorder aan te pas met die bedrag en betaaldatum soos wat van tyd tot tyd deur die Beheerliggaam bepaal en vasgestel word.
3. Dat ek vroegtydig die koshuishoof skriftelik sal verwittig en ander reëlings sal tref indien ek probleme ondervind met enige betaling.
4. Dat alle koshuisgeld streng vooruitbetaalbaar is en dat ek die koshuishoof skriftelik kennis sal gee van my voorneme om my kind uit die koshuis te neem.
5. Dat indien ek sou versuim om die terme van hierdie betalingsooreenkoms, soos met die koshuis aangegaan, na te kom, die koshuis geregtig sal wees om alle uitstaande bedrae onmiddellik van my te verhaal.
6. Dat die koshuis geregtig is om regsaksie vir die betaling van my/ons uitstaande rekening in te stel, en dat regskostes, soos op die skaal tussen Prokureur en eie-Kliënt, tesame met invorderingskommissie, seëlgelde, opsporingsgelde, baljukostes en enige ander redelike uitgawes, ook betaalbaar en opeisbaar sal wees.
7. Dat ek hiermee spesifiek toestem tot die Jurisdiksie van die Landdroshof in Rustenburg, vir enige eis/vordering wat vanuit hierdie ooreenkoms mag voortvloei, onderhewig aan die keuse van die Beheerliggaam van RHS om 'n ander gepaste hof te nader, ongeag of die bedrag van die skuldoorsaak , binne die Jurisdiksie van die Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van die van die RSA sou val.
8. Dat 'n rekening van die koshuis waarin enige agterstallige bedrag aangetoon word, voldoende bewys is van die bedrag wat deur my/ons verskuldig en betaalbaar is en dat dit nie nodig sal wees vir die koshuis om die aanstelling en/of magtiging van die ondertekenaar/opsteller van die sertifikaat te bewys nie. Hierdie rekening sal 'n likiede dokument wees vir doeleindes van die verkryging van voorlopige of summiere vonnis teen my vir betaling van enige bedrae verskuldig aan die koshuis.
9. Dat die ouer sy woonadres, soos vervat in hierdie aansoekvorm as *domicilium citandi et executandi* gekies word, en dat ek/ons hiermee toestem tot die aflewering van alle kennisgewings en prosesstukke by sodanige adres.
10. Dat die inligting soos vervat in hierdie aansoekvorm waar en korrek is, en dat die ouer(s)/voog(de) verplig is om binne sewe dae na enige verandering, die koshuis van sy/haar/hulle nuwe woon- en posadres in kennis te stel.

Ek bevestig en waarborg dat die bogemelde inligting waar en korrek is en bindend van toepassing op die persoon wat verantwoordelik is vir die betaling van hierdie rekening.

Onderteken te RUSTENBURG op hierdie _____ dag van _____ 20_____.

HANDTEKENING VAN REKENPLIGTIGE **DATUM**